## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

| | |
|---|---|
| 2 April | **Theon Chambers,** Wyk 19 |
| 3 April | **Peet Buys (89),** Wyk 7 |
| | **Susan Coetzee,** Wyk 10 |
| 4 April | **Nico Spaumer,** Wyk 14 |
| | **Anelle Venter,** Wyk 6 |
| 6 April | **Fedde-Paul Bisschoff,**. Wyk 19 |
| 8 April | **Anja Bouwsema,** Wyk 18 |
| | **Hendrien Venter,** Wyk 12 |
| 9 April | **Mandy de Klerk,** Wyk 19 |

### Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

**Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: FNB Potchefstroom.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

### DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 10 Sondag 3 April 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste:** Ouderling wyk 13 **Pieter Glöy** en wyk 14 **Chris van Ryssen.** Diakens: Wyk 13 **AJ van Niekerk** en Wyk 14 **Banie Nortjé.**

## EREDIENSTE

Oggend prof Hennie Goede,
aand prof Callie Coetzee

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND** **Ontmoetingsdiens** Votum. Groetseën
Lofprysing: Sing Psalm 118:1, 11 en 12 (1936)
Geloofsbelydenis Nicéa
Sing: Psalm 31: 1, 3 en 5 (1936)
**Verootmoedigings- en versoeningsdiens**
Die wet van die Here Eksodus 20; Lukas 10: 25 - 37
Antwoord: Sing Skrifberyming 26: 1, 2, 10 en 11 (Tema 9 - 1)
**Woorddiens** Gebed om verligting van die Gees
Skriflesing: Johannes 12:1 - 11. Teksverse: Johannes 12: 7 - 8
Woordverkondiging
**Antwoorddiens** Gebed
Slotsang: Sing Skrifberyming 8:1, 2, 4 en 5 (Tema 5 - 3)
**Wegstuurseën**

**AAND** Skriflesing: Matteus 16, NGB Art 27
Sing: Vooraf: Psalm 122:1, 2
Tydens die diens: Psalm 48: 1, 2; Psalm 31: 1, 3;
Skrifberyming 45: 4, 7 (Tema18 – 7)

**Kollektes vanoggend:** ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Emeritaatsfonds*** die rooi sakkies.
**Vanaand:** *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

# LIEF EN LEED

**Sarie Spaumer** ondergaan Maandag 'n rugoperasie in Mooimed. Ons bede is dat die operasie geslaagd mag wees en dat ons hemelse Vader ook die genesings-proses sal seën. Sterkte ook aan Nico wat haar moet bystaan en ondersteun.

Verdere toetse het getoon dat die gewas in die pankreas van **May Vorster** kwaadaardig is. Sy en **André** het die afgelope week die sjirurg gesien. Voorlopig sal die behandeling moontlik chemoterapie behels om die tumor kleiner te maak en daarna sjirurgie. Ons dra May en André aan die genadetroon van ons troue Verbondsgod op. Mag hy elke dag die krag en genade gee wat hulle nodig het, die behandeling seën en op sy tyd ook genesing gee.

**Meraaisie de Beer** het geval en haar rug beseer. Sy word tans tuis verpleeg en ons bid haar spoedige beterskap toe.

Ons dank ons hemelse Vader vir beterskap by **Mari Badenhorst**

Ons doen in besonder voorbidding vir ons lidmate in die versorgingseenhede van Huis Anna Viljoen, Samuel Broadbent en Huis Eikelaan. Mag hulle elke dag die krag en genade van ons hemelse Vader ontvang wat hulle nodig het.

# PRESTEERDES

Tydens 'n gradeplegtigheid Maandagmiddag het **Anja Bouwsema** haar ***Honneursgraad in Geoktrooieerde Rekenmeesterskap*** verwerf. Sy het ook haar eerste SAICA raadseksamen, wat sy in Januarie geskryf het, geslaag. Baie geluk Anja met hierdie prestasies.

Woensdag het **Coetzer Stoop** sy ***City & Guilds-diploma*** in ***Culinary Arts*** ontvang. Baie geluk Coetzer



**Ds Jannes is met verlof tot 4 April – geen Bybelstudies vir hierdie tydperk.**
Kontak asb in hierdie tyd vir Prof Callie en u ouderling of die skriba in geval van siekte of noodgevalle waarvan u bewus mag wees.

## Katkisasie

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Wo | 06/04 | 15:30 | Hoërskoolkatkisasie | Les 21 |

## Dagboek

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| So | 03/04 | 09:30 | Prof Hennie Goede | |
| | | 18:00 | Aanddiens: prof Callie Coetzee | |
| Di | 05/04 | | **Skole begin** | |
| Di | 05/04 | 15:00 | Bybelstudie in die rooi sitkamer | Huis Eikelaan |
| Wo | 06/04 | 18:30 | Bybelstudie | Jeuglokaal |
| Do | 07/04 | 9:30 | Bybelstudie | Kerkkantoor |
| | 07/04 | 18:30 | Bybelstudie | Kerkkantoor |

- **Lidmate wat nie inwoners van Huis Eikelaan is nie, is ook by die Bybelstudie in Huis Eikelaan welkom.**

## Belangrike datums om te onthou

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Di | 05/04 | 18:00 | Klassisvergadering o.l.v. GK Boskop | |
| So | 10/04 | 10:30 | **Paassangdiens** | Kerkgebou |

## .Die spesiale kollektes in April 2022 gaan vir:

| | | |
|---|---|---|
| Sondag | 10 April | Teologiese Studentekas. |
| Sondag | 17 April | Die Kerkblad *(Kerklike tydskrifte)* |
| Sondag | 24 April | GKSA Sustentasiefonds |

SDDS van die GKSA Sinodale Deputate vir Diakonale Sake

## NOOD IN OEKRAÏNE

Die Diakonie het 'n bedrag van **R 8 800** inbetaal op die rekening van die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake. Die bedrag bestaan uit **R 2 690** wat Mari Badenhorst met die verkoop van pannekoek en skenkings van inwoners van Huis Eikelaan gemaak het. Die kollekte van 6 Maart **R 3 930** en die wins **R 1790** wat met die hamburgerverkoping van 18 Maart gemaak is en **R 390** wat inbetaal is op die Diakonie se rekening.Ons is baie dankbaar dat ons gemeente hierdie hulp kon gee ter ondersteuning van ons mede-gelowiges in die Oekraine.

# UITDRA VAN DIE EVANGELIE

## Vereniging vir Sending onder Duitssprekendes (VSOD): Verslag vanaf dr. Victor d'Assonville

Soos in ons vorige berig oor Vereniging vir Sending onder Duitssprekendes (VSOD) vermeld, is 'n verslag van Reformatoriese Teologiese Seminarie (RTS) se werksaamhede onlangs vanaf dr. D'Assonville ontvang. Om ons lidmate in te lig, gaan die grootste gedeelte DV in twee dele in *Op die Kerkwerf* verskyn. Ons plaas ook meer besonderhede van VSOD as lidmate belangstel om donasies te maak.

**Deel 1 van verslag oor RTS**

Verlede jaar het bepaalde maatreëls weens Covid-19 ook by die RTS tot bepaalde inbeperkings gevoer. Nogtans kan ons baie dankbaar teenoor die Here vir nog 'n genadejaar. Die Here het die RTS en alle medewerkers bewaar en daar is vele konkrete ontwikkelings en hoogtepunte wat ons tot dankbaarheid noop. Om enkeles te noem:

• Ten spyte van die beperkende maatreëls kon die beplande kursusse en voorlesings plaasvind; meestal in die kombinasie van direkte (teenwoordigheid-) en aanlyn-onderrig.

• Gesprekke met buitelandse teologiese instellings op die dieselfde belydenisgrondslag as die RTS kon verder gevoer word, ook met die oog op meer direkte samewerking in die toekoms.

• Sedert 2021 se somer-semester (Mei tot Julie) is die webwerf van die RTS weer nuut opgebou en aanlyn toeganklik by www.rtsonline.de . Onder meer word met blogs na aktuele kursusse en gebeurtenisse en akademiese geleenthede verwys.

• Nuwe sagteware wat welwillend deur 'n buitelandse suster-instelling aan die RTS vir gebruik beskikbaar gestel is, is 'n belangrike volgende stap vir die professionele bestuur van die RTS se administrasie.

• Met groot opgewondenheid kon die reeds lankal beplande nuwe wetenskaplike, teologiese tydskrifreeks geloods word: Die *RThZ* (*Reformatorisch Theologische Zeitschrift*). Die eerste uitgawe is in Oktober by die amptelike opening van die nuwe akademiese jaar bekendgestel.

Intussen was daar ook verdere belangstelling vir studie by die RTS. Deur die loop van die afgelope vier semesters het die beleidsbesluit om die voltydse studie-aanbod met 'n deeltydse studie-aanbiedinge te vervang, geblyk die regte weg te wees. Op een uitsondering na is



naamlik alle persone wat tans aan RTS-kursusse deelneem, persone wat voltyds in 'n hulle beroepe werksaam is – studente vir wie 'n voltydse studie nie 'n opsie is nie. Hierdie aanbod kan egter ook aantreklik wees vir voornemende studente uit die Europese buiteland. Sodanige navrae word tans aan ons gerig en word deur die RTS se raad hanteer. Daar is immers nie slegs 'n groot behoefte aan 'n deeglike teologiese opleiding gefundeer op die Skrif en gereformeerde belydenis in Duitsland nie, maar ook verder oos in Midde- en Oos-Europa.

**Kontak- en bankbesonderhede: Suid-Afrika**

Naam: Vereniging vir Sending onder Duitssprekendes (VSOD)
hawilcocks@gmail.com
Posadres: Posbus 31527, 0134 Totiusdal
Whatsapp: +4531174615
Bank: ABSA, tak: Ben Swartstraat
Rekeningnommer:
Verwysing: VSOD

---

## Goeiemôre Potchefstromers,

Na die lang stiltes en min kuiergeleenthede as gevolg van Covid-19 het **Cachet se susters** besluit om 'n Damesoggend te reël vir al die susters van ons omgewing. Ons nooi dus al die susters van ons buurgemeentes ons saam met ons te kom kuier op **9 April** in ons splinternuwe kerkgebou!

Lulu Coetsee. Kerkkantoor
Gereformeerde Kerk Cachet
Tel:
Epos: admin@gkcachet.org.za

---

## POTCHEFSTROOMSE MANNEKOOR

**bied 'n PAAS-uitvoering aan op Woensdag 13 April om 19:00 (7 nm) in die NH Moederkerk oorkant die Stadsaal.** Ingang skuins oor die Elgro Hotel.

Die lyding, sterwe en Opstanding van Jesus Christus word besing deur ons koor bygestaan deur orrel, trompet, voordrag en gemeentesang.

Toegang gratis, donasies welkom.